MENSE REGTE, INKLUSIWITEIT EN OMGEWINGSAKE

WAT GAAN ONS DOEN ?

1.MENSEREGTE, 2.EKONOMIESE EN 3.SOSIALE EN 4.KULTURELE REGTE

Beskryf kortliks/Noem die volgende menseregte in die werkplek:

- o Privaatheid
- o Waardigheid
- o GeLykheid
- o Vryheid van spraak en uitdrukking
- o Inligting
- o Veiligheid, sekuriteit en beskerming van lewe

Ons gaan ook na die volgende kyk

- Beveel maniere aan waarop besighede die bostaande menseregte in die werkplek kan hanteer.
- Beskryf kortliks/Noem die ekonomiese regte van werknemers in die werkplek.
- Beskryf kortliks/Noem die sosiale regte van werknemers in die werkplek.
- Beveel maniere aan waarop besighede die sosiale regte en kulturele regte in die werkplek kan bevorder.

1. Mense regte in die werkplek

1.Reg tot Privaatheid

-Besighede mag nie regte van werkers of kliente skend nie

-Besighde moet persoonlike inligting van werkers of kliente verskaf nie

- ## 2.Reg tot om met waardigheid behandel te word

- Behandel alle werkers met respek ongeag hul ekonomiese status
- Werkers kan nie geforseer word om werk te doen wat hul sal minderwaardig laat voel

- ## 3.Die reg tot Gelykheid

- Gelyke geleenthede in terme van geslag/ras/gestremdheid ens.
- -Gelyke betaling vir dieselfde werk gedoen.

- 4. Die reg tot Vryheid van spraak

-Laat oop kommunikasie kanale toe tussen bestuur en werknmers

-Laat werkers te om hul griewe te lig

5.Die reg tot Inligting

- Werknemers het die reg om ingelig te word in terme van hul regte

6.Die reg tot Veiligheid, sekuriteit en beskerming

-Werknemers moet in ‘n veilige omgewing werk, vry van gevare

-Besighede moet beskermende klere bv maskers en handskoene verskaf.

- Noem enige DRIE ekonomiese regte van werknemers in die werkplek.
- Die reg om aan vakbond te behoort
- Die reg om te staak
- Regverdige werksure
- Veilige werkstoestande
- Vry van gedwonge arbeid
- Vryheid om werk te kies

Social rights of workers/Sosiale regte van werkers

Die reg tot gesondheidsorg en voeding en water

Die reg op onderwys

Die reg om geloof te kies

- **Stel maniere voor waarop besighede sosiale/maatskaplike regte in die werkplek kan bevorder**.
- Besighede moet veseker dat werknemers toegang het tot gesondheidsorg
- Voorsien geleenthede vir vaardigheidsontwikkeling om kennis en vaardighede te verbeter
- Registreer werkers by UIF in geval van werkloosheid
- Laat toe dat werkers deelneem aan spesiale geleenthede bv World Aids day



Verantwoordelikheid van werkers in die bevordering van menslike gesondheid en veiligheid in die werkplek

- - Werkers behoort hul eie gesondheid en veiligheid in die werkplek op te pas.
- - Hulle moet saamwerk en voldoen aan reëls en prosedures, bv. dra voorgeskrewe veiligheidsklere ens.
- - Meld onveilige/ongesonde omstandighede aanV by die toepaslike gesagsdraers/ bestuur.
- - Rapporteer ongelukke aan die werkgewer so gou as moontlik.

Hoe om kulturele regte in die werkplek te bevorder

-

- Werknemers moet vry wees om hul eie taal gedurende hul vrye tyd met ander
- Moedig werknemers aan om aan kulturele aktiwiteite deel te neem.
- Werknemers moet mekaar se kultuur in die werkplek te respekteer
- Maak voorsiening vir verskillende kulture, soos kos wat in die kantine bedien word
- Werknemers moet opgelei word oor kulturele verdraagsaamheid.

Implikasies van gelykheid, respek en waardigheid in die werkplek-wat behoort besigheid te doen.

- Besighede behoort alle werknemers gelyk te behandel, ongeag hul ras/kleur/ ouderdom/geslag/gestremdheid, ens.
- - Behandel werknemers met respek en waardigheid deur erkenning te gee vir werk
- Besigheidsbeleide behoort kwessies soos diversiteit/ diskriminasie en teistering in te sluit.
- Alle werknemers behoort toegang te hê tot gelyke hulpbronne.
- Werkgewers behoort vinnig en regverdig te reageer opV aangemelde insidente van diskriminasie in die werkplek.
- Die missiestelling en visie behoort waardes soos gelykheid/respek in te sluit.

- Verseker dat werknemers in 'n werksomgewing werk wat bevorderlik is vir veiligheid en gelykheid

Oefening

- Noem enige DRIE ekonomiese regte van werknemers in die werkplek (3)
- Stel maniere voor waarop besighede sosiale regte in die werkplek kan bevorder (6)
- Verduidelik hoe ABC Meubileerders enige VYF menseregtekwessies in die werkplek kan aanpak (10)
- Bespreek die imlikasies van gelykheid, respek en waardigheid vir besighede in die werkplek.

(3x2=6)

- **Identifiseer die mense regte kwessie van die volgende werkers.**

- 1.1 Susan en Jim word dieselfde salaris betaal vir dieselfde werk gedoen
- 1.2 John verkies dat sy persoonlike inligting nie bekend gemaak word
- 1.3 Geen werker moet minderwaardig voel nie
- 1.4 Werkers moet toegelaat word om te sê wat hul griewe is
- 1.5 Werkers behoort hul regte te ken (5)